DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

DIE BEGIN VAN ‘N NUWE ERA?

Ons is almal geskok deur die sinnelose terreur aanvalle teen die VSA in New York en op die Pentagon. Hierdie aanvalle kan op geen enkele manier goed gepraat word nie, want hier is sprake van moord op meer as 6 000 mense asook selfmoord.

Wat ook al die motief vir hierdie aanvalle was, dit los nie probleme op nie maar skep net meer wanorde. Die wêreld het eensklaps verander vanaf relatiewe globale vrede, na die koue oorlog, na ‘n deurmekaar kookpot en sprake van ‘n derde wêreldoorlog.

Ten tye van die skrywe hiervan wag die wêreld nog in spanning oor hoe, teen wie en wanneer die VSA gaan terugslaan ook al praat president Bush van ‘n ‘*war against terrorism’*. Ekstremistiese Moslems wêreldwyd wil ‘n *yihad* (heilige oorlog) uitroep indien die VSA Afghanistan aanval. Dit wil voorkom asof die wêreld op die randjie staan van ‘n oorlog tussen die weste en die oorwegend Moslem lande. Miskien is dit selfs die doel agter hierdie aanvalle.

Daar word dus vanselfsprekend verwys na die wêreld vóór en ná 11 September 2001, want dinge het verander. Wat hierdie nuwe era ookal inhou, ons as Christen-gelowiges wêreldwyd mag in die gerusstelling leef dat God in beheer is en met ons sal wees.

Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal jou geslag van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af (Jes 43:5).

Geniet hierdie uitgawe van Die Olielamp

Namens die PTA-redaksie
Rinus Kamphuis

INHOUD

Die begin van ‘n nuwe era? 1

Uit die Woord **2**
Die Bybel ‘n genade wonder 2
Die vierde gebod: Ons mag rus omdat God hard werk 3
Die verkondiging van die evangelie ook onder die heidene 4

Oppad **5**
Bybelstudie Vereniging (ii) 5
Eutanasie 6
Tradisies 8

Voel jy ook so? **9**
Die skuilplek van die Allerhoogste 9
Hoe ervaar jy Jeugvereniging? 10

Sê jou sê **11**
Voel jy bevoorreg? 11

Sosiaal **12**
Wat behels konstruksiewerk in Lesotho? 12
Deur die Sleutelgat 13
Voetspoor 14

Boeke **15**
Môre is ‘n Nuwe Spel – Piet Muller 15

Ander **15**
Ons is baie bevoorreg! 15
Verjaarsdae 16

DIE BYBEL 'N GENADE WONDER

Janneke de Vries

Aktualiteit van die Bybel
Daar is baie boeke wat binne een generasie vergete raak. Selfs groot werke uit klassieke tye is vandag nog slegs lesmateriaal. Nogtans is die Bybel, of gedeeltes daarvan, reeds vertaal in 2 200 tale en die Boek met die hoogste verkoopsyfers op die aarde. Statistiek is altyd veelseggend:

- *The United Bible Society* het in 1970 173 404 415 Bybels, testamente, Bybelboeke of seleksies daarvan verkoop en versprei.
- In 1997 was dit 561 633 376! 'n Enorme toename in 'n wêreld wat skynbaar sekulariseer.

Oorlewering en oorlewing
Netso is die oorlewering van die Bybel baie uniek. In die begin was die Bybel op stof geskryf wat maklik verlore kon gaan. Waarskynlik is die oudste Bybelgedeeltes reeds ver voor Abraham se tyd op klei tablette geskryf. Opgrawings by Tel Mardich het dit aangetoon. Dit is eeu na eeu met die hand gekopieer. Moses was waarskynlik behalwe skrywer ook same-steller van baie ouer geskrifte spesifiek wat *Genesis* betref. Danksy streng Joodse reels aangaande die oorskryf, is 'n feitlik perfekte noukeurigheid op sodanige wyse toegepas dat die Bybel soos ons dit nou ken - na onder meer kontrolering met bv. die Dooie see rolle - dieselfde teks besit wat letterlik gelyk is aan dit wat daar gevind is en 2 600 jaar terug geskrywe is! Joodse kopieerders het bv. al die letters getel en as daar meer as drie foute was moes die werk begrawe word en opnuut begin word met die oorskryf. Daar bestaan geen ander boek (OT) waar dit ooit mee gedoen is nie. Selfs nie met sulke groot klassieke werke soos *Homerus* en *Shakespeare* nie. Die nuwe testament daarenteen ken wel oorskryf of soms bedoelde oorskryf verbuigings, maar dit tas nie die fundamentele leer aan nie.

Ek het hier probeer wys dat die Bybel 'n totaal unieke plek onder enige geskrewe werk inneem. Daar is geen ander religieuse geskrif, ingesluit die Oosterse en Mohammedaanse geskrifte, wat in enige opsig met die Bybel vergelyk kan word nie. Die kenmerke van die Bybel kan nie in die ander boeke gevind word nie. Dit stel, in teenstelling met die Bybel, die mens sentraal en kan slegs 'n sisteem van selfverlossing aan die mens verskaf.

Die Bybel is vandag vir ons 'n lewensasem tot die ewige lewe. Net soos God by die skepping van die mens die lewensasem in die mens se neus geblaas het, doen Hy dit vandag nog. Deur Sy woord blaas Hy Sy lewensasem tot ewige lewe in die mens in.

Die Bybel is nie uniek vanweë sy oplaes, sy druk-werk, sy verkoopsyfers, sy vertalings of sy omslag nie. Dit is uniek deur die uitwerking wat dit deur God se krag op mense se lewens het deur die mense eers te laat sien hoe totaal verdorwe hulle is, om vervolgens die mens se redding aan te dui. Geen mens hou normaalweg daarvan nie, elke mens wil graag hoor dat hy/sy ook goeie eienskappe besit. En tog word mense deur die lees van die Bybel bekeer.

Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid van alleen een, wat van die Vader gekom het vol van genade en waarheid- Johannes 1:14 (vrye vertaling)

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis - kamphuisrk@hotmail.com
Sekretaresse: Karina Smit
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman

Maranata:
Redakteur: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Lieneke Eefting - lieneke@xsinet.co.za
Artikelversorging: Christine van der Linden
Jaco Haak
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Margreet Moes

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker
Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35.00 per jaar

Dat ons dit mag weet is te danke aan "n unieke Boek wat God aan die gevalle mens geskenk het.

DIE VIERDE GEBOD: ONS MAG RUS OMDAT GOD HARD WERK

Arjan van Houwelingen

Volgens baie mense is die vierde gebod al lankal vervul, soos so veel ander gebooie in die Ou Testament. In Rom. 14:5 sê Paulus dat vir sommige mense alle dae maar gelyk mag wees, so lank hulle self daarvan oortuig is, dat dit reg is. Hoekom vier ons dan nog die sabbat/Sondag? Is dit dan nog wel nodig? Daar was so baie seremoniële wette in verband met die sabbat, en volgens ons het Christus al daardie wette vervul, hoekom dan nie die vierde gebod ook nie? Nie dat ons veel omgee om die gebod te onderhou nie, want dis tog 'n gebod van lekker niks doen. Ons sien hierdie gebod dan ook baie keer as 'n minder belangrike gebod, baie minder belangrik byvoorbeeld as gebooie soos "Jy mag nie doodslaan nie".

Die erns van hierdie gebod

Maar as jy die Ou Testament lees, sal jy gou agterkom dat God anders daaroor dink. Hy vind dit blykbaar ontsettend belangrik dat hierdie gebod onderhou word. Só belangrik selfs dat Hy in Exodus 31:14 beveel dié wat hierdie gebod oortree doodgemaak moet word. In Numeri 15:32-36 word 'n man ter dood veroordeel - net omdat hy hout bymekaar gemaak het op die sabbatdag. Dit klink nogal wreed. Maar ons weet dat die HERE nie 'n wrede God is nie, maar juis 'n God wat Hom uit liefde besig hou met die heil van sy volk. Dit is dus nodig vir die heil van sy volk dat die sabbat onderhou word.

Dit kan ons ook agterkom deurdie feit dat die HERE die ontheiliging van die sabbat as een van die belangrikste redes vir die ballingskap aanvoer. Die ballingskap sou duur *"totdat die land vir sy sabbatte vergoeding gekry het; al die dae van die verwoesting het dit gerus om sewentig jaar vol te maak"* (2 Kron 36:21). Baie keer as die HERE kla dat die volk afvallig geword het, praat Hy omtrent net oor die volk se sabbatskending, asof die godsdienstigheid van sy volk daarvan afhang (Jer 17:24; Eseg 20:21, 22:8 en 23:38).

Om te sien hoekom die HERE die sabbatdag so belangrik vind, moet ons eers kyk na die oorsprong daarvan.

Die oorsprong van die sabbatdag

Direk na die skepping stel God die sabbat in. Hy verklaar dit heilig omdat 'n belangrike deel van Sy werk voltrek is. Nadat die mens deur die sondeval hierdie werk gedeeltelik stukkend gemaak het, lees ons pas weer van die sabbat as God sy wette gee in die woestyn, nadat Hy sy volk uit Egipte verlos het. Die HERE beveel sy volk om op die sewende dag te rus en oor die verlossing uit Egipte na te dink. Daar is weer 'n belangrike deel van God se verlossingswerk voltooi en dit moet gevier word. Later sien ons hoe die vroeë Christene die sabbat vervang met Sondag, omdat op dié dag die belangrikste deel van God se verlossingswerk, Christus se werk op aarde, voltooi is.

Die sabbat is dus ingestel om God se heilswerk te herdink. God gee ons die geleentheid om elke Sondag weer op sy verlossingswerk te fokus en van ons daaglikse werk te rus. Want deur ons baie werk waarmee ons ons aardse geluk wil vermeerder, bereik ons niks in vergelyking met die geluk wat God vir ons voorberei het nie.

Lekker niks doen?

Dit beteken nie dat ons die vierde gebod onderhou deur gewoon lekker niks te doen nie. Dan mis ons weer die hele doel van die sabbat. Die priesters in die Ou Testament het juis die hardste gewerk op die sabbat. Hulle moes op diè dag kinders besny en brand- en slagoffers bring. Maar hierdie werk was alles gerig op die verlossingswerk van God. Dis presies wat God deur die vierde gebod wil bereik: Dat ons, te midde van alle aardse besorgdheid, elke week 'n dag afsonder om te konsentreer op sy werk, sodat ons nooit sal vergeet waarvoor ons lewe nie en hoekom ons ons daaglikse werk moet doen nie. God maak erns van die vierde gebod, omdat Hy weet hoe maklik ons Hom vergeet as ons eie werk ons aandag in beslag neem.



DIE VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE OOK ONDER DIE HEIDENE

Anita Drijfhout

(Handelinge 13:13-52)

Die eerste sendingreis van Paulus. Of was dit eerder 'n reformasie reis? 'n Oproep tot bekering en vernuwing.

Die reis wat in Handelinge 13 en verder beskryf word, word gewoonlik die eerste sendingreis van Paulus genoem. 'n Sendingreis in die sin dat God hulle op 'n sending uitgestuur het. *"En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wereld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom."* – Mark 16:15. Maar van sending onder volslae heidene is hier voorlopig nog geen sprake nie.

Nie alleen Paulus is op hierdie reis nie, maar ook Bárnabas. Dit is dan ook nie Paulus se eerste reis nie, voorheen het hy reeds in Damaskus en Jerusalem gewerk. Die man wat vanuit Antiochíë die wêreld intrek is nie 'n ongeskoolde werker nie, maar opgelei om die evangelie te bring.

Die term "sendingreis" bring by baie die gedagte tuis van Woordverkondiging in plekke waar God aan niemand bekend is nie. Hier in Antiochíë in Psidië gaan Paulus na die sinagoge, 'n plek waar God gedien word. Eers word die ou verbondsvolk voor die keuse gestel. Die bestaande kerk word opgeroep tot reformasie. Luister die Jode nie, dan wend Paulus en Bárnabas hulle tot die *Grieke*. Maar bedink dan wel dat die *Grieke* hier in baie gevalle behoort het aan die *Godvresende* sinagogebesoekers. Hulle het dus die Skrifte geken en daarmee saam ook die Mesiaanse belofte.

In die tyd van Alexander die Grote is baie Jode gedwing om te emigreer na stede in Klein Asië. Daar het hulle bure van die vryheidsliewende Griekse koloniste geword. Die planting van die kerk volg die spoor van die Joodse emigrasie en maak dan ook gebruik van kontakte, wat tussen sinagoge en Grieke op allerhande wyses ontstaan het. Die evangelie sluit steeds weer aan by die reeds aanwesige Woord en werk dan in al wyer kringe. Die evangelie van Paulus is nie 'n ander evangelie as die Woord van die Ou Testament, wat in die sinagoges gepredik is nie.

Op die sabbat gaan Paulus en Bárnabas na die sinagoge. Nadat voorgelees is uit die wet en profete, het Paulus opgestaan en die Jode en godvresendes toegespreek. Hy vertel hoedat God die volk Israel uitverkies het en verlos het uit Egipte om hulle in die beloofde land te vestig. Daarna het Hy rigters gegee om hulle uit die hand van die vyande te verlos. Toe hulle 'n koning begeer het, het Hy eers Saul aan hulle gegee en daarna Dawid. Uit die nageslag van Dawid het Hy, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek nadat Johannes die Doper Sy koms aangekondig het.

Vervolgens vertel Paulus hoedat die Jode in Jerusalem teen Jesus opgetree en Hom onskuldig laat kruisig het. Jesus het egter opgestaan uit die dode en daardeur het die woorde van die profete en psalms bewaarheid geword. Daarom kan die goeie tyding nou aan almal verkondig word dat daar deur Jesus vergifnis van sondes is en *"dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie"*(vers 39). Maar die ernstige vermaning word bygevoeg dat die straf van God oor almal kom wat die boodskap van verlossing verag.

Met die volgende byeenkoms in die stad het daar 'n groot skare saamgekom. Toe die Jode dit sien, is hulle met nydigheid vervul en het hulle die prediking van Paulus probeer verydel deur lasterlike weerspreking daarvan. Dit het daartoe gelei dat Paulus en Bárnabas reguit aan hulle gesê het: *"Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julle self die ewige lewe nie waardig ag nie – kyk, ons wend ons tot die heidene*". Die verantwoordelikheid vir die beslissing berus dus by die Jode wat hulleself *"die ewige lewe nie waardig ag nie"* en voortaan sal Paulus en Bárnabas aan die heidene voorrang verleen. Op hierdie wyse sal die woord van Jesaja vervul word wat sê: *"Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om heil te wees tot aan die einde van die aarde"* – Jes 49:6.

Die heidene het na die prediking geluister en *"daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe"* – vers 48. Weer eens is bevestig dat God ook onder die heidene sy uitverkorenes het.

Die nuwe dissipels wat in Antiochíë agtergebly het, is sonder 'n ervare voorganger gelaat, maar hulle was vervul met blydskap en met die Heilige Gees. Daarom kon hulle voortbou aan 'n jong gemeente van Christus onder die heidene.

BYBELSTUDIE VERENIGING (II)

Frans Hagg

Die karakter van ons verenigingswerk

1. *Verskil tussen katkisasie en vereniging*
Die werk van ons vereniging het ’n eie plek langs kategese en godsdiensonderwys. Op katkisasie staan die kategismes sentraal. Die leer van vrae en antwoorde van die kategismes vorm ‘n belangrike onderdeel van katkisasie. Om die verskillende feite te ken is baie belangrik vir ons geloof. Van die Bybelboeke word soms as geheel bespreek en onderdele van die kerkgeskiedenis en onderwerpe uit die kerklike lewe kry aandag.

By godsdiensonderwys op gereformeerde skole word die hele Bybel behandel. Van elke Bybelboek word die hooflyn en eie karaktertrekke bespreek en geleer. Verder word van die geloofsleer en die kerkgeskiedenis geleer. Uiteraard lê die klem van godsdiensonderwys by die kennisoordrag en daarvoor is onderwysers nodig.

2. *Die eie kenmerk van ons vereniging*
Die kenmerk van ons vereniging word bepaal deur om besig te wees met die bestudering van die Woord van God. Dit word nie op so ‘n wyse op kategesasie en godsdiensonderwys gedoen nie. Op vereniging word sistematies ‘n Bybelboek of ‘n gedeelte daarvan behandel. Stap vir stap word die skrif bestudeer om sodoende te kyk wat presies daar staan en wat God vir ons daar wil sê.
Ons leer dan om die Bybel reg te lees. Die nadruk val dus nie op die globale behandeling van die Bybel nie, maar op ‘n gedetaileerde studie en bespreking. Daarby kom aan die orde: woordverklaring, die verband van die hoofstuk, die groot lyn in die verhaal, verwysing na ander skrifgedeeltes en veral die groot dade van die Here en hoe Hy Hom in die hoofstuk openbaar as die God van die Verbond. En natuurlik moet die konkrete leef- en ervaringswêreld aan die orde kom.

Op hierdie manier leer die jeug om die skrif reg te lees en te verstaan, sodat hulle hul hele lewe op die manier kan inrig.
Dit gaan by die lees van ‘n Bybelstuk nie net om die globale kennis nie, hoe nuttig dit ookal is. Maar die nadruk moet val op om presies te lees wat daar staan. Dit sal die betekenis van globale kennis verdiep.

Deur hierdie manier leer hulle die luisterhouding aan. Die houding is fundamenteel vir elkeen wat aan God se verbond behoort. By die soek na antwoorde op lewensvrae moet die jeug leer om te luister na wat die Here daaroor te sê het in Sy Woord. Gehoorsaam te wees deur eers te luister. Dit spreek vanself dat katkisasie en godsdiensonderwys hierop ook ‘n eie bydrae lewer.

3. *Verskil met ander verenigings*
Naas ons vereniging is daar ook ander verenigings. Daar is die klein jeugverenigings. Dit is die jonger jeug wat die Bybel bespreek met die hulp van ‘n ouer persoon wat as die leier/leidster optree. Waar ons ons eie voorsitters(-sters) kan en mag kies, word die leiers van die klein jeug verenigings deur die ouers gekies. By ons as jeugvereniging is dit ons eie verantwoordelikheid om die regte voorsitter te kies. Dan is daar ook die manne- en vrouevereniging wat op dieselfde basis as ons werk.

4. *Die versameling van kennis*
Dis die hoofdoel van vereniging sodat ons ons geloof daardeur kan versterk. Ons onderrig mekaar dan deur kennis uit te ruil en nuwe dinge van die Bybel te bestudeer. En dit is elkeen se eie verantwoordelikheid om sy of haar deel by te dra tot die onderrig van mekaar. Die voorsitter het dan ook die taak om die kennis wat uitgeruil word te reguleer sodat almal dit kan verstaan en inneem. Daar sonder is die vereniging nie van veel doel nie.
Ons moet dus mekaar leer in die Woord van God. Dit bring ‘n groot verantwoordelikheid op ons wat ons baie duidelik moet besef en ook so uitvoer.

In art. 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat die Here deur Sy heilige en Goddelike Woord Homself aan ons te kenne gee, vir sover dit nodig is tot Sy eer en tot behoud van Hom. Die taak wat ons by vereniging het is om die Bybel te bestudeer en met mekaar na te gaan hoe die Here Homself daarin aan ons bekend maak.



5. *Blywende aandag vir die vereniging*
Op skool word die kinders, hoofsaaklik in vertelvorm, kennis en insig van God se Woord geleer. Maar vir die stelselmatige oefening in die regte verstaan van ‘n Bybelgedeelte is hulle nog meestal te jonk.

Dis nou presies die taak van ons vereniging. Ons vergader spesiaal met die doel om God se Woord beter te verstaan. Ons kyk dan weekliks na ‘n gedeelte in die Bybel of ‘n gebeurtenis in die kerkgeskiedenis hoe die Here Homself daarin bekend maak aan ons wat Hy van ons vra in ons eie lewe- en ervaringswêreld. So oefen ons om God se Woord beter te leer verstaan, net soos die Here dit wil hê. En dit kan ons dan later weer gebruik in ander verenigings en in ons huisgesinne en die kerk.

Verwerk en vertaal uit:
Werken in het verbond; Handleiding ten dienste van leid(st)ers en ouderbesturen.

EUTANASIE

Henriëtte Ros

Eutanasie, genadedood, wie se genade is die dood? Vandag is die vraag in Suid-Afrika ook nie meer: “Gaan ons eutanasie wettig?” nie, die vraag is: “Hoe gaan die wet lyk?” By die Stigting van Etiese Medisyne se jaarlikse simposium het ons ’n oomblik by die omstrede konsep gaan stilstaan om te besin oor presies waar lê die mens se rol in lewe en dood. Hier volg ’n paar gedagtes.

Wat beteken eutanasie presies? Vrylik vertaal ons dit na genadedood. Die woord het sy oorsprong van ‘**eu**’ wat ‘goeie’ en ‘**thanatos**’ wat ‘dood’ beteken. M.a.w. dis ’n ‘goeie dood’.

Eutanasie word verdeel in vrywillige en nievrywillige eutanasie. Nie-vrywillig word verder verdeel in individue wat bevoeg is om self ’n wilsbesluit te neem en individue wat onbevoeg is om self ‘te wil’ soos byvoorbeeld mense in ‘n koma of wat verstandelik gestemd is.

Eutanasie kan ook geklassifiseer word as passief of aktief. Met passiewe eutanasie word lewens-noodsaaklike sorg weerhou en word die persoon nie aktief vermoor nie.

Dokter’s geassisteerde selfmoord (DAS) word as aktiewe eutanasie gesien. Die persoon sê vir sy dokter: “Help my, ek wil nie meer lewe nie.” Die vraag kan gevra word of die persoon nie eerder sê: “Help my, ek wil nie meer **só** lewe nie”? Watter waarde word aan ’n terminaal siek persoon geheg as hy gedwing word om so ’n vraag te vra? Is daar nie ander maniere om van die gevoel van magteloosheid, vernedering, nutteloosheid en waardeloosheid ontslae te raak nie?

Moord is die opsetlike (met intensie) **wederregtelike doodmaak**. Dit sluit dus ongelukke en oorlogsituasies uit. Wie bepaal wederregtelikheid? Juridies sou dit die regter wees. Uit Romeine 13 sien ons wel duidelik dat God moreel bo die regstelsel staan. Op 10 April 2001 is eutanasie in Nederland gewettig. Tans in Suid-Afrika maak dokters wat DAS uitvoer hulself nog aan moord skuldig. **Toestemming** maak ’n aksie regsgeldig maar ons kan nie regsgeldigheid verleen aan moord oftewel eutanasie nie. Met versagtende omstandighede kry mens vandag ’n baie ligter vonnis en as jy jouself as ontoerekeningsvatbaar kan motiveer, is jy onskuldig. ’n Persoon wat selfmoord oorleef het, word ook nie vervolg vir poging tot moord nie. Sedes en regsopvattings van die gemeenskap het ook ’n invloed op die besluite wat in howe geneem word.



Wie se dood is dit in elk geval?
Verskeie navorsers het na verskillende aspekte van genadedood gekyk. Wat is die kriteria tot persoonskap? Hou jy op om persoon te wees by eutanasie?

Die ander vraag is watter soort behandeling moet pasiënte ontvang? Gewone behandeling het 'n redelike kans op voordeel terwyl buitengewone behandeling moeilik en gevaarlik is, met 'n lae suksessyfer.

In Suid-Afrika mag psigiatriese pasiënte nog teen hul sin behandel word. Maar ook hier is die regstelsel besig om te verander. Die *patients bill of rights* is tans in omloop. Elke pasiënt, m.a.w. elke regsbevoegde volwassene het die reg tot o.a. regverdige behandeling, **die keuse tot** 'n tweede opinie asook die reg om behandeling te weier. Geneeshere het geen regte meer nie.

Motiewe vir Selfmood/Eutanasie
En waar kom **selfmoord** in die prentjie in? Daar is verskeie faktore wat 'n persoon se besluit tot selfmoord of eutanasie beïnvloed. Die predisposisie tot selfmoord is eerstens, omgekeerd eweredig aan die **stressore** benodig om selfmoord te pleeg. M.a.w. volgens hierdie model, wat bekend staan as die stres-diatose-model (sien skets), sal 'n terminale siek pasiënt, met baie stressore, eerder selfmoord of eutanasie oorweeg as 'n gesonde jong persoon met min stres.

Verder is daar 'n neurologiese faktor. 'n Tekort aan 'n sekere neuro-transmitter ('n stof wat inligting oordra in die brein) naamlik **serotonien,** kan depressie veroorsaak. Met nadoodse ondersoek is gevind dat daar definitief minder serotonien teenwoordig is by mense wat selfmoord gepleeg het. Geneties kan 'n mens ook kwesbaar wees tot selfmoord en by homosigotiese geenpare (waar jy dit dus dubbel erf) is die risiko twee maal so hoog.

Nog 'n belangrike invloed by die oorweging van eutanasie is die persoon se houdings en oortuigings. Hierdie verskillende **attribusie style** bepaal hoe hy teleurstellings hanteer. Byvoorbeeld as jy jou eksamen gepluk het, kan jy ses verskillende redes gee: "Ek pluk altyd" (stabiel) of "ek het net nóú gepluk" (onstabiel). "Ek is sleg daarom het ek gepluk" (intern) of "die vraestel was moeilik" (ekstern). Of "ek misluk altyd oral" (globaal) of "ek het net in dié één vraestel gevou" (situasie spesifiek).

Indien die persoon geneig is om stabiel, intern en/of globaal te redeneer kan 'n gevoel van hopeloosheid, rigiditeit en depressie met lusteloosheid ontstaan. Dit veroorsaak dat die persoon 'n onvermoë het om probleemoplossings te herken en alternatiewe te genereer en te mobiliseer. Oorweging van selfmoord en eutanasie gaan gepaard met 'n **interne dialoog** waar die persoon voel dat hy verwerp word, nutteloos geword het en hy geen verband meer sien tussen gedrag en gedagtes nie. As christene is dit ontsettend belangrik dat ons sulke persone moet kan identifiseer en mag niemand ooit na aanleiding van ons gedrag doelloos voel nie.

Die Dokter-pasiënt Verhouding
Die wetgewing met betrekking tot eutanasie gaan verseker ook die **dokter-pasiënt** verhouding beïnvloed. Die verhouding is gebaseer op outonomie (reg om oor eie self te besluit), voordeligheid (goedheid en regtheid), 'non-maleficent' (afsku van slegte en kwade), regverdigheid (gelyke behandeling) en waaragtigheid (eerlikheid). Noodwendig sal die beginsels nie meer dieselfde kan wees nie.

Ons onderskei tussen drie tipes verhoudings:

1. Die dokter neem alle besluite onafhanklik van die pasiënt se voorkeure en die pasiënt is meestal te bang of oningelig om insette te lewer.

2. Die pasiënt dikteer vir die dokter dit wat hy verwag en die dokter gee maar toe, net om die pasiënt gelukkig te hou.

3. Die derde is die ideale verhouding waar beide kontrole uitoefen. Wedersydse onderhandeling, bespreking van doelwitte en beplanning vind plaas sodat die behandeling vir die pasiënt aanvaarbaar is en die geneesheer steeds die siekte korrek hanteer.

Vir die geneesheer is eutanasie 'n dilemma. In sy **stryd teen die dood,** aan die een kant, en ook vir **aanvaarding van menslike sterflikheid,** aan die anderkant, word hy nou gekonfronteer met vrae van pasiënte wat skielik allerhande 'regte' het waarvoor

die geneeskleed moet buig. Sekerlik is daar nie meer outonomie, respek vir die menslike lewe en eie self, oor nie. Vir Christene is die antwoord wel meer duidelik. Die kliniese intensie is eenvoudig: jy mag geen mens ooit skade aandoen nie. Romeine 5:12, 6:23, 14:7-9 is enkele tekste wat dood en sonde in perspektief stel.

Afskakeling van Masjiene by Breindood

Vrae word wel gevra oor mense wat **breindood** is maar steeds aan masjiene gekoppel is. In mediese terme is dood die einde van kardiopulmonale funksionering (hartklop en asemhaling) versus breinstamfunksie. Met breindood is jy gestroop van alle instinkte (veg, vlug, voeding, voortplanting, veiligheid) asook van emosies (hartstog, hunkering, vrese, angs) en menswaardigheid (selfhandhawing ens.). Jy is gestroop van die lewe self. Daarom kan die afskakeling van masjiene nie as eutanasie gesien word nie, basies is jy reeds dood en nie meer lewensvatbaar nie.

Alternatiewe vir Eutanasie

Daar moet alternatiewe wees vir eutanasie sodat dit nie meer nodig is vir die bejaarde en terminale siek persoon om só te lewe nie. **Palliatiewe sorg** bring hiervoor 'n antwoord. Die Wêreld Gesondheid Organisasie definieer palliatiewe sorg as aktiewe, totale sorg van pasiënte wie se siekte nie reageer op genesende behandeling nie. Die doel hiervan is om lyding en ongemak te verlig en geestelike groei te bewerkstellig.

Om te sterwe is 'n normale proses, 'n realiteit, en benodig aanvaarding. Met die hulp van familie en hulpbronne beskikbaar, stel die pasiënt doelwitte op saam met sy begeleier. Vier aspekte is belangrik om te verseker dat die sterwende persoon optimale sorg ontvang en voel dat hy nog waardevol vir die mense rondom hom is:

1. Goeie **simptoombeheer** is baie belangrik. Dit behels die verligting van pyn, versorging van wonde en basiese behoeftes sodat sy oorblywende leeftyd steeds van optimale kwaliteit getuig.

2. Die versorging van die **familie** is nog 'n belangrike aspek. Die ewewig is versteur en rolle en take het nou verander. As **Christene** kan ons hier help deur besoeke te bring en te help met normale funksionering, aanpassing en kommunikasie. As die familie aktief betrokke is sal versoening en voorbereiding vir die afsterwe makliker bereik word.

3. As Christene is ons, saam met die mediese personeel wat na die persoon omsien, ook deel van die **wedersydse terapeutiese gemeenskap**. Almal is nie so vertroud met die rouproses en kan sterwensbegeleiding gee nie. Maar ons kan help om sin te vind. Moet nooit sê dat daar niks meer gedoen kan word nie. Palliatief kan daar altyd nog iets gedoen word om die lewe van die sterwende sinvol te hou.

4. Laastens, maar definitief nie die minste nie, is **geestelike ondersteuning** van uiterste belang. Ons kan mekaar ondersteun in die soek na die doel en betekenis van verliese en sterwe. **Gebed** saam met mekaar en met die persoon en sy familie sal ons help. Ons sal nie noodwendig antwoorde vind nie, maar wel krag en troos. Daar is talle voorbeelde in die Bybel waar daar vir ons gesê word: "Moenie bang wees nie." Dink aan Moses, Josua, Gideon, Simson, Hiskia en Dawid.

Ons mag verlang na die dood (Fil. 1) maar nooit omdat ons troosteloos of nutteloos voel nie. Ons moet mekaar ondersteun en seker maak dat die bejaardes onder ons steeds voel dat hulle waardevol is vir die gemeenskap van die heiliges, sodat eutanasie nooit 'n gedagte of oorweging word nie.

Sprekers: Dr. Michiel Durand, Dr. Gerard Grobler, TMcD Kluÿts, Mev. E. Wibbelink.

TRADISIES

Peter Raimond

Baie keer word dinge gedoen volgens tradisie. Dit is 'n instelling waaraan ons deur die jare geheg geraak het en van die een geslag na die volgende oorgedra word. In elke kultuur kom daar tradisies voor en is anders by verskillende kulture. Ook in die kerk is daar tradisies en self het die kerk 'n sterk invloed op ons tradisies. Ons trek byvoorbeeld netjiese klere aan as ons Sondag kerk toe gaan, omdat ons daarmee ons respek betoon vir die Here.

Is dit verkeerd om dinge op 'n tradisionele manier te doen? Is die gevaar dan nie dat ons dinge uit gewoonte uit doen en nie meer van harte nie? As iets uit gewoonte uit gedoen word, word daar min of glad nie by nagedink nie. Meestal die enigste keer wat ons daaroor nadink is as ons gekonfronteer word met tradisies uit ander kulture. As ons byvoorbeeld sendingwerk doen, of begin uitgaan met iemand van 'n ander kultuur.

Die vraag is dan: Moet ons volhard met ons tradisie of moet ons die ander se tradisie aanneem? Dit sou makliker wees om ons tradisie te handhaaf, want daarmee voel ons die gemaklikste. Ook is daar 'n teenkanting teen tradisies van buite, omdat met die humanistiese sfeer in die wereld maklik verkeerde gebruike die kerk kan binnekom. Maar is ons tradisies altyd wel goed en reg?

Die probleem kom in as ons koud word vir die liefde van God. Dis nie wat ons doen nie, maar waarom ons iets doen wat maak dat die Here ons genadig is al dan nie. Vir die een kan dit beteken om nie fiets te ry op Sondag nie. 'n Ander sal voel hy dien daarmee die Here. Die Bybel verbied nie spesifiek fietsry op Sondae nie. Is dit dan goed om dit wel te doen?

Paulus skryf aan die Korinthiërs oor die eet van offervleis. Die vleis is goed en die gelowige kan dit eet, want hy dank die Here daarvoor. (Net as daarby vertel word dat dit offervleis van afgode is, moet hulle dit nie eet nie. Deur dan nie te eet nie, wys hulle daarmee dat hulle geen waarde heg aan die afgode nie.) As die Korinthiërs egter voel hulle gewete sal hulle pla as hulle afgodsoffervleis eet, dan moet hulle dit nooit eet nie. Die een eet, maar die ander eet nie en albei dien die Here. So moet ons ook in alles wat ons doen die Here dien.

Ons kan alles wat ons doen, uit gewoonte uit doen. As kind weet jy nie waarom jy netjiese klere moet aantrek kerk toe nie. Die gevaar is egter dat ons nooit daarvoor gaan dink nie en dit nooit van harte sal doen nie. Die geloof word so maklik 'n slaafse navolging van reels. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het, selfs sover gegaan deur met die navolging van hulle wette en gebruike hul saligheid te probeer verdien. Daardeur sus hulle deur skynheilige navolging hul eie gewete. Wat sal Christus se oordeel wees as Hy nou terugkom? Nie al ons tradisies of gewoontes is reg nie. Ons het ook tradisies waarmee die Here nie mee gediend is nie. Die hardnekkigheid van die sonde bly in ons vassteek, sodat ons weier om te verander. Geloof en genade is nodig om te breek met hierdie sondes. Geloof en genade nie alleen vir die persoon wat sondig nie, maar ook vir die een wat moet berispe.

Moet ons dan wegdoen met tradisies as ons daardeur in 'n sleur slaap gesus word? Alle norme en waardes oorboord gooi en ons nuwe vryheid geniet? Die vraag is of ons dan werklik vry is. Vry van die Here beteken outomaties, slaaf van die duiwel. Maar as ons bly vashou aan Christus se liefde, sal ons nooit aan die slaap gesus word nie. Dan is ons vry van die wette van die tradisie, maar ook vry van die duiwel se slawe juk. As ons deur die liefde van Christus wil leef in die gemeenskap van Heiliges beteken dit dat ons met ander gaan praat as ons verkeerde gewoontes sien of as ons sien dat tradisies slaafs nagevolg word. Mag ons met die oog op Christus nie deur ons tradisies in ongeloof verval nie, maar sterk bly in die vryheid wat ons deur Hom beërwe het.

Voel jy ook so?

DIE SKUILPLEK VAN DIE ALLERHOOGSTE

Johan de Vente

Ons is alweer op driekwart van die jaar 2001. Hoeveel jare sal daar nog na hierdie een volg? Die tempo van ontwikkelinge en die tegnologie word al hoe hoër en al hoe vinniger. Tog bring laasgenoemde groot tegniese "wonders". Ons leef huidiglik in 'n rekenaarwêreld met 'n klomp perspektiewe en vooruitsigtinge. Dit het baie duidelik geword dat die terugweg gesluit is – dit kan dus net verder en nie terug nie! Maar hoe ver sal God die mens laat gaan?

Die mens het in die Ou Testament vir hom 'n toring gebou. Die toring van Babel. Die hoogste punt van die toring moes tot aan die hemel reik. Hulle wou een naam gehad het en in een toring gebly. Hulle het daarmee die kultuuropdrag opsy geskuif. Die Here het hierop gereageer en gesê: *"Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees…"* - Gen 11:6. Die mens is toe deur die Here teë gehou en Hy het hulle verstrooi oor die aarde.

Vandag is die aarde vol bewoners. Ons oorsien nie meer waar die grense van die mens lê nie of waar God die grense gestel het nie. Ons verwonder ons oor die feit dat die Here die skepping met soveel skatte en uitvindinge gevul het. Maar het die mens deur al sy uitvindinge en ontdekkings voor sy Skepper neergeval om Hom te aanbid daarvoor? Maak hy nog God se Naam groot? Ons sien dit baie min of glad nie. Daar is wel geleerdes wat Hom prys as hulle weer iets nuuts ontdek het of as hulle 'n stappie verder is met hulle uitvinding, maar by baie mense het God uit hulle lewe verdwyn.

Die tegnologie het mooi dinge vir ons gebring, maar ongelukkig ook dinge wat ons beangs maak. Maar daar is nog veel meer ander sake en dinge wat ons bang maak. Na die Here word steeds minder

geluister, die afval neem toe en die liefde verdwyn. Verskillende dwaallere kom op ons af. Wie gaan tot die einde toe volhard? Wat sal die volgende geslagte bely? Sal hulle by die waarheid bly?

Ja, ons kan onsself die hele dag besig hou met sulke vrae en gedagtes. Kan ons in so ‘n stemming oor drie maande die einde van hierdie jaar so afsluit? Ons kan na die ander kant van die saak kyk. Ons mog nog elke jaar die jaar afsluit met ‘n erediens. Ons kan elke dag weer in alle vryheid die Here dien. Ons kan mekaar nog opwek tot trou aan God se diens. Ons

ken die sorge van die toekoms, maar Psalm 91 bevat vir ons baie mooi woorde: *“Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou”*. En dan antwoord vers 14-17 met die woorde: *“Omdat Hy my liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken. Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien”*.

Dit is vir ons ‘n *gemaklike oplossing* as ons van onsself wil afsien en alles van die Here wil ontvang. In die skuilplek van die Allerhoogste kan ons onder alle omstandighede oorleef! En daar alleen, by ons God, is ons lewe veilig. Ons mag dit vir mekaar sê en ook vir die volgende geslag. Ons mag dus sê dat: *“Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige”* (Ps 91:1).

HOE ERVAAR JY JEUGVERENIGING?

En heel toevallig word ek toe gevra om te skryf oor JV. Dus ek het maar so ‘n bietjie voorstudie vir my artikel gedoen, Sondag na kerk by jeugvereniging.

Ons sit almal en ek bestudeer so deur die jeuglede wat almal daar sit. Hulle sit daar met ernstige, amper somber gesigte, doodstil, terwyl ons leier almal welkom heet en vir die inleier vra watter psalm ons vandag sing…

Nou dink ek by myself, wat gaan daar in hulle koppe aan? Ons lyk so ernstig, want ons is met God en Sy Woord besig – ons is eerbiedig. Miskien is ons “moeg” na ‘n lang kerkdiens, of dalk dink ons, ons sit maar net hier en kry dit verby sodat ons kan huis toe gaan. Kry jouself reg vir ‘n *boring* volgende 2 ure. Of dalk kan ons net nie wag tot die bespreking begin nie?

Wel, ek skets die prentjie nou baie donker, maar ek dink ons wissel maar tussen hierdie gedagtes van tyd tot tyd. In elk geval, nou sit ek nog daar en weet ek moet luister as die inleiding gelees word. Ek het alweer nie voorstudie gedoen nie (dus ek sit nie my naam by hierdie artikel nie, dalk is ek die enigste een!), ten minste sal die inleiding my inlig waaroor die gedeelte wat ons vandag behandel gaan! Dan kan ek ook darem ‘n bydrae lewer. En so bespreek ons maar die vrae in die voorstudiemateriaal. Verder let ek op dat dit hoofsaaklik dieselfde mense is wat deelneem aan die bespreking.

Weereens kan ek sê, vanuit my oogpunt lyk dit nogal donker daar by vereniging. Maar dit is seker ook die donkerste prentjie wat ek kon geskets het. Al is ons nie altyd gereed vir alles nie, is ons nog steeds met God se Woord besig. Ons lewe immers vir Hom. In vele besprekings het ek al opgelet dat daar baie belangrike sake met mekaar gedeel word. En hier hoor ons hoe ander hulle geloofslewe ervaar. Ander word net soos jy in die wêreld geplaas. Daar word ons met allerhande sienings, leefwyses en gelowe gekonfronteer. Nie een van ons kan op ons eie hierdeur bly staan nie. Ons het mekaar nodig.

Ek het al dikwels met vriende, wat ook Christene is en kerk toe gaan en God dien, gepraat. Die meeste van hulle gaan kerk toe op gereelde basis. En dit is goed, maar hulle het nie eintlik byeenkomste buite kerk (soos wat ons JV het) waar hulle met mense van hulle ouderdom hulle geloof kan deel nie. Ek is seker hulle doen dit wel by ander geleenthede, maar

miskien nie op dieselfde manier en op so 'n gereelde basis as wat ons dit doen nie. Dit laat my wonder of ons nie baie keer die belangrikheid van JV miskyk nie.

En dit is baie belangrik om te weet hoe die ander lede van die jeug die lewe ervaar. En waarmee ons gekonfronteer word. Ons kan nie alleen in die wereld staan nie. Daarom gee God vir ons medegelowiges sodat ons mekaar kan help en versterk. En dit is wat by JV gebeur. Laat ons dan met so 'n gesindheid vereniging bywoon. Om met mekaar dit te deel wat nodig is om buite die kerk ook God se woord te kan uitdra, hoe dan ook, en staande te bly. Om te groei in ons geloof, saam met ander!

VOEL JY BEVOORREG?

Die volgende illustreer hoe bevoorreg ons regtig is. Stem dit ons tot groter dankbaarheid? Sien ook die gedig When I Whine op die agter kant van hierdie blad.

The Earth as just 100 people

If Earth's population was shrunk into a village of just 100 people -- with all the human ratios existing in the world still remaining - what would this tiny, diverse village look like? That's exactly what Phillip M. Harter, a medical doctor at the Stanford University School of Medicine, attempted to figure out. This is what he found.

- 57 would be Asian
- 21 would be European
- 14 would be from the Western Hemisphere
- 8 would be African

- 52 would be female
- 48 would be male

- 70 would be nonwhite
- 30 would be white

- 70 would be non-Christian
- 30 would be Christian

- 89 would be heterosexual
- 11 would be homosexual

- 6 people would possess 59 percent of the entire world's wealth, and all would be from the United States.
- 80 would live in substandard housing
- 70 would be unable to read
- 50 would suffer from malnutrition
- 1 would be near death
- 1 would be pregnant
- 1 would have a college education
- 1 would own a computer

The following is an anonymous interpretation:

- Think of it this way. If you live in a good home, have plenty to eat and can read, you are a member of a very select group.
- And if you have a good house, food, can read and have a computer, you are among the very elite.
- If you woke up this morning with more health than illness... you are more fortunate than the million who will not survive this week.
- If you have never experienced the danger of battle, the loneliness of imprisonment, the agony of torture, or the pangs of starvation... you are ahead of 500 million people in the world.
- If you can attend a church meeting without fear of harassment, arrest, torture, or death... you are fortunate, more than three billion people in the world can't.
- If you have food in the refrigerator, clothes on your back, a roof overhead and a place to sleep... you are richer than 75% of this world.
- If you have money in the bank, in your wallet, and spare change in a dish someplace... you are among the top 8% of the world's wealthy.
- If your parents are still alive and still married... you are very rare, even in the United States.
- If you hold up your head with a smile on your face and are truly thankful... you are blessed because the majority can, but most do not.
- If you can hold someone's hand, hug him or her or even touch them on shoulder... you are blessed because you can offer healing touch.
- If you can read this message, you just received a double blessing in that someone was thinking of you, and furthermore, you are more blessed than over two billion people in the world that cannot read at all.

Have a good day, count your blessings, and pass this along to remind everyone else how blessed we all are.

Source:
http://www.hfe.org/resource/articles/earth100.htm

WAT BEHELS KONSTRUKSIEWERK IN LESOTHO?

Gerrit Smit

Ons (Albert en Gerrit Smit) het tans die voorreg om in Lesotho te werk. Ons is besig met die konstruksie van drie brûe naby Mohale-dam. Mohale-dam vorm deel van die Lesotho Hoogland-waterskema en is geleë in die Maluti bergreeks. Toegang tot die konstruksieterrein is via ‘n teerpad vanaf Maseru. Die teerpad is ongeveer 120 km waarvan 90 km bergpasse is.

Die doel van die drie brûe is om vervoer oor die dam te bewerkstellig. Tans is die dam nog onder konstruksie en nie gevul nie en vervoer oor die riviere is maklik. Wanneer die dam egter opgedam gaan word, gaan die riviere terugstoot en toegang oor die rivier (dam) gaan via die nuwe brûe wees. Vanweë hierdie rede is die brûe redelik groot – die grootste brug is 448 m lang en ongeveer 90 m hoog. Twee brûe is enkellaan voertuig brue, terwyl die derde brug ‘n voetgangerbrug is. Die tydperk vir die kontrak is 14 maande en die koste beloop R84 miljoen.

Hier volg ‘n paar van die praktiese probleme waarmee ons te doen het:

- Al die werkers moet lokale persone wees, behalwe as daar bewys kan word dat daar geen persoon in die omgewing met die kwalifikasie is nie.
- Vir die meeste werkers is dit hul eerste werk vir ‘n werkgewer. Beeste en skape oppas en lande bewerk word wel op eie inisiatief gedoen.
- Die voertaal is Sotho en bitter min werkers is Engels- of Afrikaansmagtig.
- Winters is koud. Nagtemperature van –10 grade Celsuis, waterpype en pompe wat vries en bars en sneeu wat jou van die buite wereld afsny is aan die orde van die dag.
- Elektrisiteit vir die kamp waar ons bly word deur kragopwekkers voorsien (wat nie baie betroubaar is nie). Tans het ons al ons vierde kragopwekker.
- Dit neem ‘n vragmotor ongeveer 6 ure om die laaste 70 km na die kamp toe af te lê (indien die vragmotor nie breek of in die sneeu vasval nie).

Alhoewel daar praktiese probleme is, is daar tog ‘n aantal faktore wat dit die moeite werd maak:

- Die bergagtige terrein met diep klowe en bergstrome is enige natuurliefhebber se droom.
- Die skoon berglug en sonskyn (Lesotho het meer as 300 sonskyn dae per jaar).
- Die mense is vriendelik en het ‘n baie interessante kultuur.
- Die glimlag op ‘n klein Basotho se gesig as jy hom ‘n rit skooltoe gee (en dit sy eerste rit in ‘n voertuig is).
- Werk- en lewensondervinding.

Mohale damwal

Werk in Lesotho kan as volg opgesom word. Dit is ‘n wonderlike ondervinding alhoewel daar baie opofferinge gemaak moet word. Die grootste opoffering is seker maar om weg van al jou familie, vriende en kerk te wees. Gelukkig kan ons elke Sondag na Ladybrand toe ry om kerk toe te gaan en is Albert ook hier. Die finale gevolgtrekking – werk in Lesotho is baie bevredigend en as dit enigsins vir jou moontlik is, probeer dit te doen.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Die jeug bevind hom/haar die laaste tyd in ietwat van ‘n stil fase. In my soeke na moontlike antwoorde op hierdie verskynsel het ek op die volgende 4 oorsake afgekom. 1: Die weer. Sekerlik die mees ooglopende van die 4, en na 3 maande se byna aanhoudende reën en slegte weer raak jou gemiddelde Safari-pak Transvaler maar moedeloos, maar dis die Kaap hierdie, en as ek terugdink kon geen ligte Suidooster, reën, hael, sneeu of tropiese sikloon nog ooit iets doen om die jeug se gees te breek nie. 2: Die geel komkommer. Sekerlik minder ooglopend maar dog ‘n interessante redenasie. Nadat Jakes en sy geel voertuig in ‘n ligte ongeluk was, en gevolglik sowat ‘n derde van die jeug sonder vervoer gelaat het, het die besoeke aan geliefde kuierplekke soos die Waterkant (*Waterfront*) en sonstraal dam afgeneem. Maar nogsteeds dink ek dis nie waar die probleem lê nie. 3: Mense wat groener weivelde opsoek. Ons het probeer om vir hom te verduidelik dat daar skaars genoeg plek is vir nog een ekstra Suid-Afrikaner in Nederland, om nie eens te praat van die afwesigheid van ‘n stukkie land vir enige soort weiveld nie, maar hy het sy besluit gemaak. Die feit dat hy ‘n hele horde byname het onderstreep ook net weer die feit dat hy sekerlik baie gewild is onder almal van ons. Rambo, Piet en Pietman om maar net ‘n paar te noem. Peter, ons hoop almal jy het ‘n baie lekker tyd oorsee en sal jou baie mis! Om te sorg dat hy ‘n ongerepte reputasie agterlaat, het Peter ook sommer twee afskeidsbraaie gehou.

Oor die eerste is daar nie veel om te rapporteer nie, daar was mense, ‘n vuur, vleis op die vuur (in ‘n rooster) stoele om die vuur (met die vleis in die rooster daarop), en die mense wat op die stoele om die vuur…(ens)…sit, het ‘n lekker tyd gehad. Maar dit was asof die jeug geweet het Peter voer nog iets in die mou. En die uitgeslape kêrel wat Peter is, het ons nie teleurgestel nie. Die volgende een was ‘n meneer. Dit was so groot dat amper-vergete jeuglede soos Marco selfs ‘n verskyning gemaak het. Soos enige goeie rooiwyn raak die ding toe ook net beter met die tyd. Toe die vuur eers aan die gang kom was dit nie meer jou gemiddelde Knapekamp-voortrekker-doringtakke-met-marshmallow-kamp-vuurtjie nie, nee, dit was vuur in die ware sin van die woord, vuur waarop Sadam Hoesein, nadat hy uit Koeweit weg is, op trots sou wees. Die vuur was op ‘n stadium so groot dat Maarten en Frans selfs in die middel van winter en in die middel van die nag die Raimond’s se swembad aangedurf het. Dit was ‘n waardige afskeidsbraai vir iemand soos Peter en een wat die vonk (en rook) weer terug in die jeug en in ons klere gesit het.

Met al die nuwe lewe wat Peter en sy reeks afskeidsbraaie die jeug ingeblaas het, lê daar nou sommer weer ‘n hele paar aktiwiteite in die vooruitsig. Hierdie aktiwiteite is tans nog in verskeie stadiums van beplanning (wat as ek daaraan dink nog nooit veel gesê het nie, aangesien daar altyd ‘n klomp planne is, net die tegniese detail van uitvoering kort) maar die feit dat Antoinette (Peter se suster) ‘n staptoer vir November **klaar** gereël het, maak mens net weer opnuut optimisties. Dit saam met die Pannekoek-aand wat 7 September by Dominee Viljoen se huis gehou is, gee klaar genoeg rede om opgewonde te raak.

En vir die res het daar absoluut niks gebeur nie. So, vir al julle Transvalers wat dink ons is *boring* en niks doen nie, dalk is julle reg, self

dink ek dat ons het die kuns van behoorlik *chill* vervolmaak het. En dit is dan ook die konklusie vir my indiepte ondersoek na die oorsake van die sogenaamde *slump*: dit is in die eerste plek nie ‘n *slump* nie (punt 4 vir die wat enigsins opgelet het of omgee) maar eerder die teenoorgestelde.

Verder hoog ‘n spesiale woord van voorspoed en sterkte aan almal wat besig is met eksamens en toetse, veral die matrieks natuurlik.

Lekker bly
Die sleutelgat loerder

VOETSPOOR

Uiteindelik het die ou voetspoor weer ontwaak van sy winter slaap en is baie bly om waar te neem dat die lente al in volle swang is. Hoe wonderlik is die werke van God! Dit het nog nie eens gereën nie en die lug word al weer gevul met heerlike lentebloeisel geure. Die kaal droë bome word weer versier met lemmetjie groen blaartjies. As die wêreld om jou so mooi lyk, dan kan voetspoor dit nie nalaat om verder die voetspore te volg nie.

Eerstens wil voetspoor baie welkom sê aan ons “stagelopers”. Lianne, Naomi en Elize, baie welkom in die mooiste land van die wêreld. Ons hoop julle voel al tuis hier by ons. Geniet maar van die tyd wat julle hier mag deurbring. Mag die Here julle ook seën in die werk wat julle hier gaan verrig en mag julle verryk na julle land toe terugkeer.

So ‘n paar weke gelede (as dié Olielamp uitkom is dit al ‘n paar maande gelede) sou daar ‘n hele bus vol jeug na Soshanguve gaan vir ‘n besoek. Groot was die teleurstelling toe ontdek word dat meer as die helfte nie opgedaag het nie. Dit is baie jammer. Soshanguve maak ook deel uit van die Gemeenskap van God waaraan ons almal behoort en besoeke aan die gemeente word baie waardeer deur dié gemeentelede.

Daarom wil voetspoor ‘n beroep op almal doen om in hordes op te trek as daar weer ‘n besoek gereël word. Hou maar jou oë en ore oop vir die verdere reëlings omtrent hierdie saak. Ons mog ook meer leer van sending in Soshanguve. Daar is naamlik ‘n sprekersaand gehou wat Ds. DM Boersma vir ons ingelei het. Ons het die volgende gevallestudies in groepe bespreek:

- Die vrou gaan kerk toe maar die man bly by die huis. Interessant om hier te sien wat is die man en vrou se plig, onderskeidelik as dit kom by ons swart bevolking.
- Baie mense woon nie altyd die kerkdienste by nie, net as hulle die dag lus voel.
- Die jeug woon ook nie gereeld kerkdienste by nie.

Die punte het ons bespreek in die lig van Ef 2:1-10. Dit was ‘n baie interessante aand gewees waaruit ons weer baie geleer het oor die werk van God in Sy kerk. Sending is nie altyd die maklikste werk nie, maar God sal krag gee om Sy werk te laat voortgaan.

Studente het weer in hulle getalle opgetrek na die woning van Ds. Kleijn. Hier is ‘n bespreking gehou oor alternatiewe geneeskunde. Die jeuglede wat self in dié vak studeer het baie moeite gedoen om ons leke meer in te lig oor dié tema. Baie dankie vir julle moeite en vir ‘n gesellige aand. Dan het voetspoor afgekom op baie vlak voetspoortjies wat hom gelei het na ‘n studentevereniging wat gehandel het oor die postmodernisme. Dit wat hy daar waargeneem het, het baie interessant gelyk en hy hoop dat meer inligting hiéromtrent in die volgende Olielamp sal verskyn.

Laaste, maar glad nie die minste nie, is daar baie voetspore getrap met ‘n suksesvolle Safari-ete. Almal het volgens die tema “S” aangetrek. Oulik om te sien hoe kreatief mens kan wees as dit kom by klere aantrek wat begin met ‘n “S”. Ons is dankbaar dat ons ons honger magies weer kon vul met die heerlikste geregte. Baie dankie vir almal wat so baie moeite gedoen het. Voetspoor, en ek is seker sy navolger ook, het dit opreg waardeer.

Na ‘n heerlik warm stap agter die voetspore aan het dit nou weer tyd geword om te groet.
Groete tot ‘n volgende keer.

Voetspoor

MÔRE IS ‘N NUWE SPEL – PIET MULLER

Rinus Kamphuis

Ons wonder almal oor die toekoms. Hoe lyk die wêreld oor 10, 20, 30 jaar van nou af? Alles is vandag besig om in ‘n al hoe vinniger tempo te verander. Kennis en inligting is reeds besig om elke twee jaar te verdubbel. Dit beteken dat die magdom van kennis en inligting wat vandag beskikbaar is in die wêreld teen 2030 net een persent van die wêreld se kennis sal uitmaak.

Kennis gaan een van die skaarste en duurste kommoditeite van die toekoms word. Bogenoemde het natuurlik verreikende gevolge op alle aspekte van die samelewing. In hierdie uiters interessante boek beskryf die toekomskundige Piet Muller ondermeer die volgende toekomstige tendense.

- Die toekoms van werk en die werkplek en wat jy eendag wil word.
- Die toekoms van landbou.
- Die toekoms van die vrou en die huwelik.
- Godsdiens en die toekoms van goed en kwaad.
- Die toekoms van onderwys en opleiding.
- Holostiese geneeskunde, die menslike genoom en die toekoms.
- Globalisering, oorlog of vrede.
- Die stede van die toekoms.

Hierdie boek gee mens baie nuwe stof tot denke en laat ook baie vrae ontstaan.
Dit is belangrik om kennis te neem van toekomstige tendense oftewel die nuwe spel. Hoewel sommige tendense rede tot kommer wek, is dit belangrik om nou al beginselvas daaroor te begin nadink.



ONS IS BAIE BEVOORREG!

“Wees in alles dankbaar…” - 1 Tess 5:18a

Ja, maar… Hoe kan ek ooit dankbaar wees? Ek….

Tog het ons baie om voor dankbaar te wees. Die meeste van ons is gesond. Ons kan ons daaglikse take verrig. Daar is baie ander mense wat nie so bevoorreg is nie. Maar selfs in daardie omstandighede kan hulle dankbaar wees. Dankbaar vir alles wat God ook vir hulle gee. Kom ons lees die volgende gedig, wat via e-pos versprei word, en laat hierdie gedig ons herinner om ’n lewe van dankbaarheid te lei.

Willemien Kleyn

WHEN I WHINE

Today, upon a bus,
I saw a girl with golden hair
And wished I was as fair.
When suddenly she rose to leave,
I saw her hobble down the aisle.
She had one leg and wore a crutch.
But as she passed, a smile.

Oh, God, forgive me when I whine.
I have 2 legs, the world is mine.

I stopped to buy some candy.
The lad who sold it had such charm.
I talked with him, he seemed so glad.
If I were late, it'd do no harm.
And as I left, he said to me,
"I thank you, you've been so kind.
It's nice to talk with folks like you.
You see," he said, "I'm blind."

Oh, God, forgive me when I whine.
I have 2 eyes, the world is mine.

Later while walking down the street,
I saw a child with eyes of blue.
He stood and watched the others play.
He did not know what to do.
I stopped a moment and then I said,
"Why don't you join the others, dear?"
He looked ahead without a word.
And then I knew, he couldn't hear.

Oh, God, forgive me when I whine.
I have 2 ears, the world is mine.

With feet to take me where I'd go.
With eyes to see the sunset's glow.
With ears to hear what I'd know.
Oh, God, forgive me when I whine.
I've been blessed indeed, the world is mine.

VERJAARSDAE

Johannesburg

Talita Boessenkool	4 Okt
Celeste Boessenkool	11 Okt
Marie-Louise Kuyvenhoven	17 Okt
Henk Bijker	30 Okt
Reinier de Haan	12 Nov
Dirk Bijker	22 Nov

Kaapstad

Jan Geerts	12 Okt
Annemarie Eefting	13 Okt
Corné Kooyman	26 Okt
Floris Antonides	17 Nov
Arjan van der Lugt	22 Nov
Hermie Kooyman	23 Nov

Maranata

Marinus Boon	15 Okt
Johan de Vente	16 Okt
Yolanda Sterk	17 Okt
Antoine Theron	20 Okt
Johannes Bosman	26 Okt
Joanne v/d Klooster	28 Okt
Cora Visser	16 Nov
Sietse van der Meulen	24 Nov
Regina van den Bout	30 Nov

Pretoria

Alex van Houwelingen	1 Okt
Rinus Kamphuis	5 Okt
Adriaan Aartsma	5 Okt
Erik Bosker	9 Okt
Annemarie de Vente	12 Okt
Tineke de Vries	15 Okt
Albert-Jan Zielman	12 Nov
Johan Bijker	15 Nov
Anita Spies	23 Nov